AfriForum
'n Inisiatief van Solidariteit
An Initiative of Solidarity

BILTONG BULLETIN

Uitgawe 17 - Januarie 2007

Groete aan alle lesers!

Soos elke maand, eers die nodige nuus: Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@solidariteit.co.za**. Merk die epos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Hierdie gratis nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons ons adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie.

Die jaar het op 'n drafstappie begin en ons het heelwat interessante nuusbrokkies om met julle te deel. Stuur asseblief nog meer nuus aan – ons hoor altyd graag van julle!

LEESHOEKIE

'n Spesiale aanbod van Kakkerlak!

Kakkerlak,
want jy raak nie daarvan ontslae nie... en ook nie van **Afrikaans** nie!

Kakkerlak is 'n volbloed Afrikaanse tydskrif. Dit verskyn kwartaalliks en is 'n pure lekkerte – boonop is hierdie volkleur tydskrif klein genoeg om in jou handsak te pas. Lees hierin meer oor Afrikaanse boeke, skrywers, kuns, kultuur, geskiedenis, taalwenke, projekte, ons pragtige spreekwoorde (waarvan sommiges geïllustreer is), skryfwenke deur gevestigde skrywers, boekwenke en verskeie kompetisies. Ons besoek ook elke kwartaal een van ons land se mooi dorpe en vind dan uit wat die inwoners en kunstenaars in daardie kontrei als doen en speur ook die geskiedenis van die dorp na. Werklik 'n eg Afrikaanse produk! Kakkerlak het pas twee jaar oud geword. Ons kondig ook binnekort die 1000ste intekenaar aan - die getal word opgemaak deur intekenaars versprei oor die ganse aardbol! Die tydskrif word verkoop by meer as 400 handelaars landswyd, sowel as in Namibië. Vorige kopieë van hierdie versamelaarsitem is nog beskikbaar, alhoewel die eerste uitgawe (waarvan net 10 000 gedruk is) byna uitverkoop is!! Kakkerlak kos R20-00 per uitgawe (posgeld ingesluit) of u kan die volledige stel van 1 tot 6 bekom teen die spesiale prys van **R95-00** tot 15 Februarie 2006.

Vir meer inligting oor die tydskrif asook tweedehandse boeke wat te koop aangebied word, kan u op ons webtuiste gaan kuier (**www.kakkerlak.co.za**) of ons skakel by 0027-11-7664015 of 0027-83-2340245. Voornemende intekenaars kan vir Ansie Hattingh skakel by 0027-11-4758156 of 0027-82-9266669. Indien u as handelaar hierdie uitmuntende tydskrif wil verkoop, kontak gerus ons verspreider, Pieter van Rensburg, by 0027-83-4557547.

SAAK VAN DIE MAAND

Emigreer, remigreer of bly waar jy is? Hierdie onderwerp kry baie aandag in nuusblaaie, radioprogramme en op TV. Wat is jou opinie? Laat ons asseblief weet. Stuur 'n epos aan **alana@solidariteit.co.za**. Ons sal alle bydraes ook plaas onder "Insette" op ons webblad **www.komhuistoe.co.za** / **www.comehome.co.za**. Almal word anoniem geplaas, tensy jy spesifiek vra dat dit onder jou naam kom. By voorbaat baie dankie vir alle bydraes!

WEBWERWE

Kom kuier op Storiewerf (**www.storiewerf.co.za**), die webtuiste vir kinder- en jeugboeke. Ontdek nuwe boeke, kuier by skrywers, skryf stories en versies, lees lusmakerbrokkies, gril in die grilgrot, vertel van gawe boeke, ensovoorts. Die afdeling "Verinniewêreld" is spesiaal vir kinders wat in die buiteland bly om van hulle nuwe wêreld te vertel. Skryf en vertel hoe dit met jou gaan! Storiewerf is vanjaar 7 jaar oud en is die inisiatief van die jeugboekskrywer Franci Greyling wat ook die webtuiste in stand hou.

Droom jy ook soms van jou eie klein plekkie langs die see, of onder 'n berg, of op 'n Karoovlakte? Of kom jy binnekort terug Suid-Afrika toe, het nie genoeg geld om dadelik 'n groot huis te bou nie, maar wil ook nie 'n verhuurder verryk nie? Dan is daar nuus vir jou wat ons in 'n dekortydskrif raakgeloop het. Stel jou 'n kompakte, maar moderne huisie voor, pasklaar afgelewer op jou erf en al wat jy moet doen is afwerkings kies, elektrisiteit & water & riool koppel en betaal. Geen bouery en rommel nie. Gaan loer op die Zenkaya-webwerf – jy kry selfs 'n lekker stofie in die een hoek vir vuurmaak op koue dae en 'n stoepie vir jou boeretroos en Ouma-beskuit ... Onder heg ons van die inligting wat ons op die betrokke webwerf gekry het, aan:

ZENKAYA is the ultimate choice in ready-made living space. Offering highly insulated wall panels and high quality finishes, Zenkaya offers a life in style. Zenkaya is all about convenience; from the moment you order it to when you live in it. Zenkaya is a fusion of modern technology and practicality which will give you peace of mind. The Zenkaya is delivered completed, ready to live in, to your site right on the back of a flat bed truck. Zenkaya is for the discerning people who value things differently. Those who appreciate their time and don't want to spend that unforeseen time and energy to control and manage the construction and design process, especially when it is a far away place. Visit **www.zenkaya.com** for more information, different sized options and more photos.

NATUURBEWARING

Individuele duikers het van 1 Januarie 2007 af 'n permit nodig om te mag **skubaduik** in mariene bewaringsgebiede in die Wes-Kaap, by Voëleiland, Pondoland en aan die Natalse kus. Die koste vir die permitte is R75-00 per jaar of R45-00 per maand. Dit kan by poskantore verkry word. Skubaduikskole word tans nog van hierdie vereiste vrygestel. Meer inligting is beskikbaar van **www.deat.gov.za**.



Gauteng is een van die rykste **voëlkykgebiede** in die land. Etienne Marais van Centurion het mede-voëlkykers in Gauteng uitgedaag om te sien hoeveel verskillende voëlspesies hulle in 2007 in hierdie provinsie kan sien. Meer as 500 spesies is reeds in Gauteng aangeteken! Geen pryse is op die spel nie, dit gaan slegs om die pret. Inligting is van hom beskikbaar by **etim196@telkomsa.net** of op sy webwerf by **www.birding.co.za**.

SUID-AFRIKAANSE NUUSBROKKIES — JANUARIE 2007

- Al ingeteken op ***Biltong Happies***, ons daaglikse, gratis nuusbrief met 'n opsomming van die dag se hoofberigte uit *Beeld, Pretoria News, Business Day* en *Citizen*? Nie? Wel, teken dan dadelik in deur net 'n e-pos met die onderwerp "Happies" te stuur aan **alana@solidariteit.co.za**.
- Tekkies kan nou as deel van 'n skooluniform gedra word. Volgens die Departement van Opvoeding se jongste voorskrifte oor skooluniforms is tekkies, sandale en sweetpakke nou ook aanvaarbare skooldragitems. Hierdie voorskrifte poog om die koste verbonde aan skooluniforms te besnoei en 'n meer eenvoudige, standaard uniform daar te stel sodat kleredragvoorskrifte nie 'n leerling verhinder om 'n onderrig-instelling by te woon nie.
- Vanaf middernag 16 Januarie 2007 moet Suid-Afrikaners ook vir plaaslike landlynnommers die areakodes skakel (met ander woorde 10-syfer nommers). Vir internasionale oproepe word die 09-kode in Suid-Afrika na 00 verander. Die internasionale nommergids sal voortaan van die nommer 10903 beskikbaar wees.
- Ontleders en ekonome se siening van die swakker rand is dat niks grondliggends verander het nie. Hulle skryf onsekerhede oor die rand toe aan die sterker dollar en swakker goudprys.
- Die Engelse Akademie van Suid-Afrika het pas aangekondig dat Jane Taylor en Russell Brownlee die Olive Schreiner-prosaprys deel vir hulle onderskeie romans *Of wild dogs* en *Garden of the plagues.*
- Regstreekse buitelandse belegging in Afrika het 'n hoogtepunt bereik, maar belegging spesifiek in Suid-Afrika het in 2006 met 43% afgeneem.
- Volgens Absa het huispryse in 2006 gemiddeld teen 15,2% gegroei, maar dié groei kan as gevolg van die stygende rentekoerse vanjaar moontlik na 9% afplat. Volgens Absa is die waarde van 'n gemiddelde middelklashuis tans R857 400.
- 'n Internasionale karaoke-kompetisie is in Finland gehou. Daar was deelnemers uit 32 lande en 'n Suid-Afrikaner, David September, het tweede gekom. Dit is die vierde keer wat die kompetisie aangebied word. Mnr. September het pryse ter waarde van R50 000 gewen. Hy wou nog altyd 'n professionele sangloopbaan volg, maar sê dat hy plaaslik nooit 'n deurbraak kon maak nie. Hy spits hom nou op karaoke toe.
- Daar was vanjaar oor die Kerstyd minder rommel op Suid-Afrikaanse strande as in vorige jare. Met Vodacom se jaarlikse strandopruimingsveldtog is 28 807 sakke rommel op 23 strande in KZN, die Oos- en Wes-Kaap versamel, teenoor 47 000 sakke in 2005/2006. Meer as 230 werklose mense is tussen 16 Desember en 8 Januarie ingespan om die munisipale strande skoon te hou.
- Jordy Smith van Durban het vandeesmaand die mees gesogte junior branderrytitel ter wêreld verower. Dit was naamlik die Billabong Junior byeenkoms wat in Sydney plaasgevind het.
- Dr. Simon Geldenhuys (55) van Centurion is sedert 2003 by onderwys in die Midde-Ooste betrokke. Hy sê hy sal eerder in Suid-Afrika wil werk, maar na 514 aansoeke om 'n pos in

Suid-Afrika het hy moed opgegee en werk tans as hoof van die Al Noor International School in Bahrein. Die skool het 4 200 leerlinge wat 3 verskillende leerplanne volg. Hy mis veral sy gesin, vriende en taal. Voormalige kollegas bevestig dat hy 'n kenner op die gebied van onderwys is, maar nogtans is hy steeds werkloos in Suid-Afrika ... dis tragies!

- Mnr. Jonathan Stone, voormalige grootbaas van Goodyear, is as besturende direkteur van SA Rugby (Edms) Bpk aangestel.
- Een van die nuusmakers van die maand is 'n vrou wat op Nuwejaarsdag 9 uur lank in die "liefdestonnel" in die Kangogrotte vasgesit het. Veronica Hlabelela het gegly en haar voet het in 'n holte vasgesit. Die ander 22 mense saam met haar in die groep was ook vasgekeer tot sy met gespesialiseerde reddingstoerusting uit die grot gered kon word. Die grot se bestuur sal in die toekoms skynbaar mense wat op die spesifieke toer gaan, strenger keur.
- Volgens *Beeld* van 6 Januarie 2007 is 'n Suid-Afrikaanse kind se kans om aan onnatuurlike oorsake te sterf, twee keer hoër as dié van kinders in ander wêrelddele.
- Dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, minister van Buitelandse Sake, het op 'n vraag in die Parlement gesê dat die regering finansiële steun aan die Hamas-regering in Palestina oorweeg.
- Die selfoon netwerk MTN berig dat sy kliënte 1,17 miljard SMS-boodskappe oor Kersfees en Nuwejaar gestuur het. Dit is 49% meer as in 2005.
- Jan van Rooyen, Suid-Afrikaner en voormalige oud-professor & departementshoof in Straf- en Prosesreg aan Unisa, woon deesdae in Gainesville, Florida (VSA), waar hy 'n florerende besigheid, *Gainesville Violins*, bestuur. Die besigheid vaar so goed dat hy ook takke in Tampa, Jacksonville en Dallas begin het. Hy bou en restoureer viole onder die naam *Jan Van Rooyen & Associates Violins* en dié viole is reeds wêreldwyd gesog.
- Oud-Staatspresident Marais Viljoen is op 4 Januarie 2007 oorlede. Hy is in die helde-akker in Bloemfontein begrawe.
- 'n Studie van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge (SAIRR) het getoon dat die aantal rooftogte met verswarende omstandighede in Gauteng tussen Mei 1994 en 2006 met 29,6% gestyg het. In dié provinsie was die verhouding verlede jaar sowat 552,1 gewapende rooftogte per 100 000 mense. In dieselfde tydperk het die aantal moorde landswyd wel met 28,6% gedaal, maar die misdaadsyfers vir Suid-Afrika is steeds besonder hoog, sê mnr. Kerwin Lebone, 'n SAIRR-navorser. "Die feit dat statistiek 'n algemene daling in moordsyfers en ander misdrywe wys, sal die meerderheid Suid-Afrikaners nie troos nie," sê hy. Volgens hom wys slagofferpeilings dat Suid-Afrikaners onveilig voel al daal misdaadsyfers. "Wat egter baie onrusbarend vir mense is, is die vlakke van geweld wat by gewapende rooftogte te sien is." Mnr. Werner Vermaak, woordvoerder van ER24 in Gauteng, sê daar was die afgelope paar weke 'n toename in die hoeveelheid geweld wat tydens misdaadvoorvalle gebruik is waar paramedici van ER24 slagoffers behandel het. Hy sê ook dat die voorvalle in alle omgewings plaasvind.
- Al meer belowende jong Suid-Afrikaners studeer oorsee. Hulle bestaan veral uit studente wat nie by plaaslike universiteite keuring kry nie. IPSA is 'n instansie wat sulke studente in die VSA help plaas teen 'n koste van R3 500 tot R17 500 per student - sien **www.ipsausa.com**.
- Suid-Afrika is pas as nie-permanente lid van die VN se veiligheidsraad toegelaat. In die eerste stemming waaraan Suid-Afrika deelgeneem het, het Suid-Afrika saam met Rusland en Sjina teen 'n mosie van die VSA, Frankryk en Brittanje gestem, naamlik oor menseregtevergrype in Mianmar. Emeritus aartsbiskop Desmond Tutu is een van diegene wat diepe teleurstelling met Suid-Afrika se stem uitgespreek het.
- Telkom se dienslewering is duur en laat dikwels veel te wense oor. 'n Eerste in Suid-Afrika is dat 'n groep van sowat 200 verbruikers saamgestaan het en 'n striemende volblad-advertensie in die *Mail & Guardian* teen Telkom geplaas het. Die advertensie begin met die woorde: "Hoe meer jy hiervan lees, hoe meer gaan dit jou omkrap." Volgende word vertel dat Telkom verlede jaar 'n wins van R9,3-miljard gemaak het, terwyl Suid-Afrikaners steeds van die hoogste pryse ter wêreld vir kommunikasiedienste betaal.

- Die hoofkantoor van Ou Mutual verskuif van Kaapstad na Sandton. Dit is maar een van vele besighede wat van die Kaap na Gauteng verhuis en laat kommer oor die Kaapse ekonomiese groei ontstaan.
- Ant Stott het die afgelope naweek die Dusi-kanowedvaart gewen in 'n rekordtyd van 8 uur, 3 minute en 41 sekondes. Michael Mbanjwa was tweede. Die vrouewenner was Abbey Mediema. Sy het in elke skof 'n rekordtyd opgestel.
- Suid-Afrikaners is beslis nie kleurblind as dit by motors kom nie – hulle hou van verskeidenheid. Van die nuwe motors wat in 2006 verkoop is, was 26% silwer, 23% wit, 14% swart (dit is die motorkleur wat die vinnigste groei in gewildheid), 14% blou en 23% ander. Terloops, AfriForum se personeel se motors is sowaar almal wit of swart!
- Van 7 tot 28 Februarie 2007 word 'n mini-sensus onder sowat 284 000 huishoudings in Suid-Afrika onderneem. Suid-Afrika was in uitgelese geselskap toe 'n sensusopname elke 5 jaar gedoen is. Dit was die enigste land in Afrika wat dit gedoen het en daar is slegs 'n paar ander lande wat dit kan bekostig, soos Kanada en Ierland. Hierdie kleiner opname kan data voorsien vir beplanning tot die volgende volledige sensusopname in 2011 plaasvind. Dit sal lig op sekere demografiese en maatskaplike tendense soos migrasie-patrone, werkloosheid en welvaart kan werp.
- Nog strenger rookwette word vandeesweek in die parlement bespreek.
- Camdeboo Mohair, 'n Suid-Afrikaanse maatskappy wat topgehalte sybokhaarprodukte vervaardig, het 'n kontrak met Alfred Dunhill gesluit om klere vir hulle te vervaardig. Camdeboo Mohair se lede voorsien 80% van die wêreld se topklas sybokhaar.
- Plaaslike juwelier Yair Shimansky het die slag geslaan om 'n skaars pienk diamant van 3 karaat te slyp. Dit is aan die Weskus gevind en sal 'n prys van sowat R1,5-miljoen behaal. Pienk diamante is skielik baie gewild weens die rolprent *Blood Diamond.* Diamante kom in alle kleure voor, maar geel en bruin is die mees algemene kleure.
- Markinor se tweejaarlikse navorsingsprojek, die *Government Performance Barometer*, toon aan dat Suid-Afrikaners al minder veilig voel. Volgens die verslag voel 49% Indiërs, 43% wittes, 37% bruines en 14% swartes hulle lewens word meer as ooit tevore bedreig.
- 'n Sokkerwedstryd op Ellispark tussen Orlando Pirates en Black Leopards moes gestaak word nadat 'n hewige storm losgebars het en spelers deur wegwaaiende advertensieborde getref is. Niemand is gelukkig ernstig beseer nie.
- Volgens Unicef het Suid-Afrika 1,2 miljoen Vigswesies. Dit beteken dat 49% van die weeskinders in die land wees is as gevolg van Vigs. Die Departement van Gesondheid se woordvoerder het gesê dat sy nog nie die verslag bestudeer het nie. Sy sê die Departement wil ook nie kinders "Vigswesies" noem nie, omdat dit die kinders sal "stigmatiseer".
- Suid-Afrikaanse families is al meer geneigd om op een perseel saam te woon. Volgens die Chas Everitt International-eiendomsgroep woon drie of selfs soms meer geslagte toenemend in een huis of op een erf. Dit is 'n goedkoper, maar ook geselliger opsie. Skynbaar kom dieselfde verskynsel ook in die VSA voor.
- Wêreldklas diagnostiese toerusting vir kanker ter waarde van R13-miljoen staan en stof vergaar by die Helen Joseph-hospitaal in Johannesburg. Die rede hiervoor is die gebrek aan behoorlik opgeleide personeel. Slegs 26 uit 73 poste by die hospitaal se radiografie-eenheid is tans gevul. Die Gautengse Gesondheidsdepartement het nog nie kommentaar op die toestand gelewer nie.
- Lawrence Folley (79), een van Suid-Afrika se bekendste baritons, is vandeesmaand in Brittanje oorlede. Hy het daarheen verhuis om by sy drie dogters wat daar woon, te wees.

WELSYN

Suid-Afrika se Vereniging vir Outisme (Association for Autism) sal ondersteuning hoog op prys stel. Hulle missie is om outistiese mense en hulle families te ondersteun deur uitreikprogramme vir hulle aan te bied, hulle vermoëns uit te bou, asook die publiek meer bewus omtrent outisme te maak. Hulle subsidieer die Unicaskool en koshuis, asook die Lethabo Le Khutso dienssentrum vir volwassenes met outisme. Meer inligting is beskikbaar van afautism@iafrica.com.

RESEP VAN DIE MAAND

Vinnige Anysbeskuit

375 gram botter
4 eiers
15 milliliter anys
2,5 milliliter kremetart
470 milliliter witsuiker
2 kilogram bruismeel
10 milliliter sout
1 liter kookmelk

Metode:

1. Smelt die botter en suiker, laat afkoel en klop die eiers by.
2. Sif die droë bestanddele saam en voeg met die kookmelk by die eiermengsel.
3. Voeg die anys by en maak aan tot 'n deeg.
4. Laat 5 minute staan en rol dan in balletjies.
5. Pak die balletjies styf teen mekaar in 2 gesmeerde broodpanne van 220 by 120 millimeter.
6. Bak vir sowat 1 uur in 'n voorverhitte oond by 180°C tot gaar.
7. Laat afkoel en droog uit.

BRIEWE, MARKHOEKIE EN VERSOEKE

- Vir inligting oor goedkoper vlugte tussen Australasië en Suid-Afrika kan ***Delia en Evert van Dijk*** steeds by **deliag@slingshot.co.nz** of 0064-9-5701490 gekontak word.
- ***Linda laat weet uit die VSA***: Extensive lines of gorgeous South African tabletop and giftware items are available to order at wholesale price points for businesses at **www.moloafricaimports.com**. The site also includes a retail section for smaller purchases. View these stunning handmade product lines online today at **www.moloafricaimports.com**. Sourcing for additional unique product lines also available.
- ***Adriaan laat weet uit Australië***: Nog 'n mylpaal in Australië – ons het begin om dienste te hou op die platteland. Daar het soveel meer mense hierheen geëmigreer, dat ons nou 'n leraar uitstuur om hulle te bedien. Die Perth Afrikaanse Gereformeerde Kerk is nou die grootste gereformeerde gemeente in Wes-Australië. Ons is die enigste kerk wat alle eredienste en Sondagskool in Afrikaans aanbied. Desember het byna 100 gesinne hier in Perth uit Suid-Afrika aangekom, en Januarie, lyk my, gaan 100 verbygesteek word. Besonderhede oor die kerk is beskikbaar van **ds.gawie@parc.org.au** of **www.parc.org.au**. Terloops, in Australië kry 'n plaasboer permanente verblyfreg as hy twee jaar op kontrak vir 'n boer in Australië kom werk. Daarna kan hy sy eie plaas bekom, met 'n staatsubsidie. Baie graan- en wynboere maak van die geleentheid gebruik. Groete uit Australië!
- ***Nog nuus is welkom, asseblief!***

Met mooiste wense tot volgende keer!

Kallie, Annatjie, Deon & Alana
AfriForum
[www.comehome.co.za / alana@solidariteit.co.za]